A – Interhoër te Hoërskool Menlopark Vrydag 22/02/2018

Ons wen die Pretoria A – Interhoër vir die agtste jaar in ‘n ry. Interhoër byeenkomste span altyd die kroon op harde werk en opofferings gedurende die seisoen. Die sukses van die seisoen word deur die Interhoërbyeenkomste bepaal. Om sukses te behaal verg ‘n spanpoging duisend en atlete wat op kritieke tye ware “Affie-guts” wys. Die afgelope interhoër was een waar elke atleet op sy allerbeste moes wees. Dan dink ons aan die 0/16 aflos waar Luke ten spyte van ‘n ernstige besering 20 m voor die wenpaal nog steeds veg vir ‘n uiterse belangrike eerste plek.

Met die Affie-skare agter ons, is die atlete vasbeslote om ook Woensdag by die Super 16 met dieselfde ywer en passie deel te neem.

BYEENKOMSUITSLAG:

Trofeë is verower vir die volgende afdelings:

1. Beste spronge
2. Beste Hekkies
3. Beste naellope
4. Beste aflosse en
5. die seunskompetisie

Die volgende seuns het meer as 1000 punte op die Absa-tabel behaal:

Naam	Oud	Item	Punt
Juandre Pienaar	0/14	Spiesgooi	1063
Dieter Schlebush	0/14	Diskus	1172
Steyn Truter	0/14	Diskus	1124
Lucas J v Rensburg	0/14	Verspring	1022
Kruger v Reenen	0/16	110m Hekkies	1099
Luke Brand	0/16	200m	1084
Eckart Potgieter	0/17	200m	1073
Edmund Du Plessis	0/17	800 en 1500m	1020 en 1008

Die uitslae was as volg:

AFRIKAANS HOËR SEUNSKOOL PRETORIA	1358
MENLOPARK	1341
PRESTIGE COLLEGE	1095
WATERKLOOF	1056
GARSFONTEIN	1004
ZWARTKOP	917
MONTANA	898
OOS - MOOT	718

Baie dankie aan mnr'e Deale, Bonnema, Delport, Maritz, en Me Raath, Palm, Mans en Pelser vir jul harde werk.